Oordenking
7 Julie 2010

Die Christen sug ook met verwagting.

Ons het verlede week gesien dat die hele skepping met verwagting sug dat die kinders van God bekend gemaak sal word sodat ’n splinternuwe aarde, vry van die vloek van die sonde van die mensdom, tot stand sal kom.

Hierdie week sien ons dat die kinders van die Here ook sug...

Rom 8: 23 – 25: *En nie net die skepping nie, maar ook ons wat die Gees ontvang het as die eerste gawe van God, ons sug ook. Ons sien daarna uit dat God sal bekend maak dat Hy ons as sy kinders aangeneem het: Hy sal ons van die verganklikheid bevry. Ons is immers gered, en ons het nou hierdie hoop. Wat 'n mens al sien, hoop jy tog nie meer nie. Wie hoop nog op wat hy reeds sien? Maar as ons hoop op wat ons nie sien nie, wag ons daarop met volharding.*

Saam met die hele skepping sug die kinders van God ook. Paulus verwys na ons begeerte om vry te wees van hierdie swak, sterflike liggame. Maar hy praat ook oor die bediening van die Heilige Gees in die lewe van ’n gelowige. Omdat ons gered is, werk die Gees so in ons lewe, dat ons sonde begin sien soos God dit sien. Die Heilige Gees maak ons sensitief vir sonde – ons eie sonde en die sonde rondom ons.

Die gevolg is dat ons baie ongelukkig is oor die sonde wat ons steeds doen en die sonde wat die wêreld doen. As sonde ons nie ontstel nie, dan het ons ’n groot geestelike probleem. As ons sonde sien en dit raak ons nie, kom daar iets baie belangrik kort in ons geestelike lewe.

Ons ongelukkigheid en hartseer oor sonde bring ’n verlange, ’n versugting, by die gelowige. Ons wil vrygemaak wees van die sondige, swakke en sterflike liggaam. Wat ’n wonder en seën sal die nie wees, as ons nooit weer iets doen wat boos is nie. As ons nooit weer ’n slegte gedagte het nie.

Paulus sê ons is gered in hoop. Hoop in Bybelse taal beteken baie meer as die wêreld se gebruik van die woord wat niks meer beteken as “ek wens” en “ek wil graag hê” nie. Bybelse hoop is ’n diepe kennis en sekerheid wat op God se beloftes baseer is. Dis ’n hoop op verlossing, omdat die bloed van Christus vir ons gestort is en Hy vir ons oorwinning behaal het deur sy opstanding. Dis ’n vaste vertroue en seker wete dat die Here eendag kom ons ons na Hom toe, hemel toe, te neem. Dis ’n vaste vertroue en seker kennis daarvan dat God ons, swakke sondaars, sal verander in nuwe mense wat gelykvormig aan Christus herskep is.

Ons, God se kinders, sug want ons wil vrygemaak word van sonde. Ons verlang na ons herskepping na die beeld van Christus. En daardie dag sal aanbreek. Eendag, volgens God se volmaakte tydsberekening, sal ek my laaste asemteug in hierdie swak liggaam gee en volmaak herstel word na die voorbeeld van die die opgestane Christus, my Verlosser.
Dit is die versugting, die hoop, in die lewe van elke Christen.